



LAERSKOOLO MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 -903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579



Die volgende inligting is baie belangrik. Lees dit asseblief deur en **VOLTOOI ALLE VORMS – VOLLEDIG EN KORREK.**

Laerskool Mikro is 'n Artikel 21 skool wat volgens hierdie wetgewing verpligte skoolgeld mag hef en ouers mag verplig om die volgende skoolfonds te betaal (kragtens Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet).

Skoolgeld is 'n statutêre plig wat die leerder se ouers, kragtens die bepalings van artikel 40(1) van die Skolewet, moet nakom en die ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik. 'n Egskeidingsbevel of aannemingsertifikaat is 'n wettige ooreenkoms tussen ouers en dra geen gewig by die vasstelling en betaling van skoolfonds nie. Die skool is nie 'n party tot hierdie ooreenkoms nie en kan dus nie betrokke raak by die afdwing van die ooreenkoms nie. In die geval van wanbetaling van skoolfonds, kan beide biologiese ouers deur die skool gedagvaar word, ongeag onderhoudsreëlings en hofbeslissings deur die betrokke partye.

NB!

By die begrotingsvergadering, gehou op 26 Oktober 2023, is die volgende deur die ouers goedgekeur:-

- Skoolfonds vir 2024 is soos volg vasgestel: Graad R - 7: R19 745.00 per jaar per leerder.
- Ouers het 'n keuse hoe om die skoolfonds te betaal:
 - **OF eenmalig;**
'n Eenmalige betaling van skoolfonds vir die jaar beloop die bedrag van R19 745.00. Indien betaling geskied voor/op 31 Januarie 2024 word 5% korting aan ouers, wat die volle skoolfondsbedrag betaal, toegestaan.
 - **OF maandeliks** (vanaf 1 Februarie 2024 tot 1 Desember 2024 in 11 GELYKE paaieimente van R1 795.00 per maand)
- Indien u verkies om maandeliks te betaal, het u die volgende opsies:
 - **Debietorder** (sien aangehegte vorm);
 - **Kontant** (by ontvangs - leerder se FAMILIEKODE, voornaam & van moet as verwysing gebruik word);
 - **Elektronies** (indien elektroniese betaling gedoen word, stuur asseblief die bewys van die suksesvolle transaksie aan die skool per hand / faks - 021 903 2523 / e-pos adebeer@laerskoolmikro.co.za)
Die leerder se FAMILIEKODE, voornaam en van moet as verwysing gebruik word.
 - **Kredietkaart** (kaartfasiliteit beskikbaar)



BANKBESONDERHEDE VIR ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGHOUER	Laerskool Mikro
BANK	ABSA, Kuilsrivier
REKENINGNOMMER	1006 242 380
TAKKODE	632005
VERWYSING	Leerder se FAMILIEKODE + Naam + Van

- Skoolfonds is betaalbaar op 1 Januarie van die betrokke skooljaar en mag, met die goedkeuring van die Skoolbeheerliggaam, in 11 gelyke maandelikse paaieimente betaal word. Paaieimente vanaf Februarie tot Desember is vooruitbetaalbaar op die **EERSTE** dag van elke maand.

Indien u skoolfonds verpligtinge, volgens u aanvanklike bindende keuse, vir meer as 30 dae agterstallig raak, sal die skool geregtelike stappe neem om die volle uitstaande skuld vir die jaar in te vorder. Invordering-, kliënt- en prokureurskoste in dié verband sal van u verhaal word.

5. Skoolfondsstate word **maandeliks** per e-pos uitgestuur, óf per hand indien ouers nie 'n e-pos adres het nie. Dit is die ouer/s se plig om dit noukeuring na te gaan en seker te maak dat alle persoonlike besonderhede korrek is, bv. adres, telefoonnommers, e-pos adresse, ens. Indien u nie 'n skoolfondsstaat ontvang nie, is dit u plig om steeds skoolfonds te betaal en navraag te doen oor die rekening. Die nie-ontvangs van 'n skoolfondsstaat kan nie as verskoning gebruik word om nie die skoolfonds te betaal nie. Dit is u, as ouer, se verantwoordelikheid om maandeliks op datum te bly met die betaling van skoolfonds.
6. Debietorders
 - U moet asseblief elke jaar 'n nuwe debietordervorm invul (sien aangeheg).
 - Debietorders kan slegs op die **eerste** van die maand van u bankrekening verhaal word.
 - Debietorders word vanaf 1 Februarie 2024 tot 1 Desember 2024 verhaal.
 - Die koste vir die bedryf van die stelsel is by die begroting ingesluit. Dit impliseer dat dit vir u geen verdere koste sal meebring nie.
7. Aansoek om vrystelling/vermindering van skoolfonds
 - Indien die gesamentlike bruto inkomste van beide ouers R197 450 per jaar of minder is, kan u met die nodige bewysstukke aansoek doen om algehele vrystelling van skoolfonds.
 - Indien die gesamentlike bruto inkomste van beide ouers meer as R197 450 per jaar is, kan u met die nodige bewysstukke aansoek doen om 'n persentasie vrystelling.
 - Alle aansoeke om vrystelling/vermindering van skoolfonds sal volgens die formele aansoekproses, bepalinge en gyskaal van die SA Skolewet (No 84 van 1996) hanteer word.
 - Die aansoekvorms moet, voor einde Januarie 2024, **persoonlik** deur die ouer/volwassene by die Finanskantoor afgehaal word. Aansoeke word in die skool se Register vir Vrystelling van Skoolfonds aangeteken. Dit moet binne 14 dae direk aan Annamarië de Beer terugbesorg word. Die aansoek sal deur die Finansiële Komitee van die Beheerliggaam, in samewerking met die Finansiële Kantoor, hanteer word.
 - Beide biologiese ouers se bruto inkomste sal in ag geneem word by die berekening van die vrystelling/vermindering van skoolfonds.
 - **Graad R is nie 'n verpligte skooljaar nie. Indien u dus u kind vir Graad R inskryf, word daar van u verwag om die volle skoolfondsbedrag (R19 745) te betaal.**

U word vriendelik, dog dringend, versoek om binne twee dae na ontvangs van hierdie skrywe, die Wyse van Betaling 2024-vorm sowel as **Aanhangsel A volledig en baie noukeurig te voltooi** en aan u kind se klasonderwyser(es) terug te besorg. Op die Wyse van Betaling-vorm moet u asseblief aandui hoe u verkies om te betaal. Die Beheerliggaam maak daarop staat dat u streng volgens u keuse sal betaal.

Die skool het die grootste begrip vir al ons ouers wat as gevolg van veranderde sosio-ekonomiese omstandighede, bykomende finansiële verpligtinge het. Ons moet egter hiermee saamleef en mekaar ondersteun sodat ons te alle tye die beste onderwys vir ons kinders kan verseker.

Neem asseblief die vrymoedigheid om direk met my te skakel vir leiding indien u probleme gaan ondervind om u verpligte onderriggelede te betaal.



**MNR L.C MOUTON
SKOOLHOOF**

23 Januarie 2024



LAERSKOOI MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579



STUUR ASSEBLIEF HIERDIE VORM TERUG SKOOL TOE BINNE TWEE DAE

SKOOLFONDS : WYSE VAN BETALING 2024

NBI!

Die vorm moet voltooi word deur ouer/s. U keuse is bindend en geregtelike stappe sal geneem word vir die volle jaar se uitstaande skulde indien u meer as 30 dae agterstallig raak. Sodra u rekening agterstallig raak, is die volle jaar se skoolfonds dadelik betaalbaar en opeisbaar. Hiermee stem die ouer/ouers toe dat die skoolgeldstate en enige inligting rakende skoolgeld, per e-pos gestuur mag word.

OUER/WETTIGE VOOG: _____

POSADRES: _____

WERKADRES: _____

TEL. (WERK): _____ (HUIS): _____ (SEL): _____

E-POS ADRES: _____

Besonderhede van kinders in Laerskool Mikro in 2024

Naam en Van	Graad 2024
1.	
2.	
3.	
4.	

MAAK 'N KRUISIE IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE:

- Betaling sal geskied per aangehegte debietorder wat van krag sal wees vir 11 maande, vanaf 1 Februarie 2024 tot 1 Desember 2024.
- Betaling sal maandeliks as kontant//internet/kredietkaart/direkte bankbetaling geskied. Eerste betaling moet voor/op 1 Februarie 2024 geskied en laaste betaling voor/op 1 Desember 2024.
- Wil aansoek doen om vermindering van skoolfonds en onderneem om die aansoekvorm by die Finanskantoor af te haal voor einde Januarie 2024 en binne 14 dae direk by die finanskantoor in te handig.
- Jaarlikse betaling van skoolfonds van R19 745 indien betaling geskied voor/op 31 Januarie 2024. 5% Korting word op eenmalige betaling toegestaan – R18 758 betaalbaar.

HANDTEKENING: _____

DATUM: _____



LAERSKOOI MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579



SKOOLFONDS DEBIETORDER 2024

Ek, die ondergetekende, magtig die Laerskool Mikro om met my bank/bouvereniging reëlings te tref om die bedrag, soos aangedui, uit my rekening te onttrek. Die reëlings bly van krag vanaf 1 Februarie 2024 tot 1 Desember 2024 waarna Laerskool Mikro dit sal kanselleer. **NB. INDIEN U GEDURENDE DIE JAAR U DEBIETORDER-BETALING WIL STAAK, MOET U ASB. LAERSKOOI MIKRO SKRIFTELIK IN KENNIS STEL, SODAT ONS DIT KAN KANSELLEER EN SODOENDE KENNIS DRA VAN GEWYSIGDE BETAALWYSE.** Indien die debietordermagtiging **NA** die 20ste van die maand ingedien word, sal dit te laat wees vir daardie betrokke maand en moet die skoolfonds vir daardie maand kontant/per eft betaal word.

- REKENINGHOUER** - VAN: _____
- EERSTE VOORNAAM EN VOORLETTERS: _____
- ADRES: _____
TEL. (H) _____ (W) _____ (SEL) _____
- BEDRAG VAN DEBIETORDER: _____ p.m. (R1 795 – 1 kind; R3 590 – 2 kinders; R5 385 – 3 kinders; R7 180 – 4 kinders)
- DATUM VAN EERSTE BETALING: 1 FEBRUARIE 2024
- DEBITEER ASSEBLIEF MY: TJEKREKENING
TRANSMISSIEREKENING
SPAARREKENING
- NAAM VAN BANK OF BOUVERENIGING: _____
- TAK: _____ TAKKODE: _____
- REKENINGNOMMER: _____

Naam en Van van kinders in Laerskool Mikro	Graad 2024
1.	
2.	
3.	
4.	

Ek/Ons erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my/ons rekening te behartig, geen van sy/hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sodeer sonder ons skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek/ons geen van my/ons verpligtinge ingevolge hierdie kontrak/magtiging aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____
(Rekeninghouer)



LAERSKOOL MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579



AANHANGSEL A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 84 VAN 1996 **REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING OF VERMINDERING VAN SKOOLGELDE**

*Voltooi asseblief die volgende volledig en merk die toepaslike blokkie met 'n "X".
(Alle ouers moet hierdie vorm voltooi ongeag of u wil aansoek doen of nie)*

1. Het die hoof u ingelig aangaande die bedrag wat jaarliks betaalbaar is vir skoolgelde? JA / NEE
2. Het die hoof u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolgelde tensy daar vrystelling aan u verleen is? (Prosedure met die aansoek om vermindering van skoolgelde). JA / NEE
3. Het die hoof u ingelig dat u geregtig is om aansoek te doen vir vrystelling van skoolgelde? Nie vir Graad R nie JA / NEE
4. Wil u aansoek doen vir vrystelling of vermindering van skoolgelde? Nie vir Graad R nie JA / NEE
5. Het u hulp nodig om die aansoek te voltooi en in te dien? JA / NEE
6. Het die hoof u ingelig dat u 'n aansoekvorm kan afhaal by die finanskantoor? (Ouers/Voogde kan die aansoekvorm vir vermindering van skoolgeld vanaf Maandag tot Vrydag, tussen 08:00 – 15:30, afhaal). LET WEL: Hierdie is NIE 'n aansoekvorm nie. JA / NEE

ONTVANGSERKENNING (MOET ASSEBLIEF DEUR ALLE OUERS VOLTOOI EN GETEKEN WORD)

Hiermee erken ek ontvangs van Aanhangsel A en die prosedurevorm (Aanhangsel B) wat van toepassing is wanneer aansoek gedoen word vir vrystelling van skoolgelde.

NAAM VAN LEERDER: _____ GR. _____

NAAM VAN OUER : _____

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 202_____

HANDTEKENING SKOOLHOOF

HANDTEKENING VAN OUER

PROSEDURE VIR DIE AANSOEK OM VERMINDERING/VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE:**NEEM KENNIS:**

1. Ouers is aanspreeklik vir die betaling van skoolgelde ingevolge Artikel 39 van die Skolewet, tensy en tot die mate waartoe hy/sy van betaling vrygestel is kragtens die Skolewet.
2. Wanneer ouers aansoek doen vir vrystelling en nie kwalifiseer / nie saamstem met die beslissing soos deurgegee deur die Beheerliggaam nie, kan die ouer by die Beheerliggaam of Departementshoof appelleer teen die beslissing.
3. Die vrystelling van die betaling van verpligte skoolgelde word bereken in ooreenstemming met die regulasies in Artikel 39(4), soos uitgevaardig deur die Minister.

PROSEDURE:

1. Neem kennis van die afskrifte van die regulasies betreffende die aansoek om vrystelling van skoolgelde welke ter insae lê by die finansiële beampte van die skool. Ons versoek dat die ouers die regulasies nagaan en hulself vergewis van die inhoud daarvan.
2. Die aansoekvorm vir vrystelling/vermindering van skoolgelde is beskikbaar by die finansiële beampte van die skool en moet deur **beide biologiese ouers/wettige voog** voltooi en onderteken word, ongeag van hulle huwelikstatus. Hierdie aansoekvorm moet persoonlik deur die ouer/wettige voog by die skool afgehaal word.
3. Indien die ouers enige probleme ondervind met die behoorlike voltooiing van die aansoekvorm, sal die skool die ouer behulpsaam wees waar nodig. Die ouers moet alle inligting en bewyse, soos versoek, deurgee en moet die inligting waar en korrek wees. Die aansoekvorm meld duidelik welke inligting en bewyse benodig word.
4. Die volledig voltooide aansoekvorm en alle dokumente soos versoek, moet direk by die finansiële beampte ingedien word.
5. Aansoek om vrystelling / vermindering van skoolgelde moet ingedien word binne 14 dae na registrasie van die leerder (praktiese reëling) en moet **direk** by die finans kantoor ingedien word.
6. Die finansiële komitee van die Beheerliggaam sal die aansoek verwerk en evalueer volgens die gyskaal soos vervat in die Regulasies.
7. Die ouers word per brief in kennis gestel van die uitslag van die aansoek.
8. Soos reeds gemeld, kan die ouer appél aanteken teen die uitslag van die Beheerliggaam.
9. Aansoek om vrystelling/vermindering van skoolgelde vind jaarliks plaas.
10. Die ouers word versoek om enige onduidelikhede rakende die aansoek om vrystelling/vermindering van die skoolgelde te rig aan die finansiële beampte van die skool.

Die uwe



MNR L. C MOUTON
SKOOLHOOF